

## Gereformeerde Kerk Bellville – 19 November 2017 – Oggend

**Sing vooraf staande:** Psalm 45:1, 9, 10 (p. 230)

- 1 My hart, ontroer deur mymering, / sal lieflik van 'n Koning sing.  
My tong, deur digvuur aangedryf, / is soos 'n pen wat vaardig skryf.
- 9 O dogter, wat die bruidsroep hoor, / o skoonste, luister, neig jou oor!  
Vergeet jou volk, jou eie vlees, / dat jy die Koningsbruid kan wees.
- 10 Gee dan die Koning, groot van mag, / op jou en op jou skoonheid ag,  
o weier nie: buig voor Hom neer; / Hy is jou Koning en jou HEER.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

**Loflied:** Psalm 146:1, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,  
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;  
en ook in die swartste nag / op die HERE<sup>o</sup>alleen bly wag.

**Geloofsbelydenis:** Nicea

**Wet**

**Psalm 32:1, 3 (p. 151)**

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.  
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe<sup>o</sup>en skeld die skuld hom kwyt.  
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde  
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.  
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.  
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;  
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

**Gebed**

**Psalm 72:2, 6 (p. 360)**

- 2 O saalge ryk waar enkel vrede / oor berge<sup>o</sup>en heuwels sweef;  
die Vors na Gods geregtighede / sal heers oor wat daar leef;  
waar Hy in strenge strafgedinge, / sy swaard die skede<sup>o</sup>ontruk,  
die arme ophef en geringe, / maar neerslaan wie verdruk.
- 6 Ek sien al vorste, ryk en magtig, / wat buigend voor Hom staan,  
en al die nasies wat eendragtig / Hom dien as onderdaan.  
Want Hy sal die verstoteling, / die wat geen helper het –  
die stilverloorne en geringe – / sal Hy verhoor en red.

**Skriflesing:** Matteus 5:1-12; Lukas 16:19-31

**Kernverse:** Matteus 5:3

**Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.** (Matteus 5:3 AFR53)

**Tema:** Die vreemde Koning spreek sy vreemde onderdane vreemd salig

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer Jesus Christus mense van hulle sondes en van die ewige oordeel van God verlos, verlos Hy hulle nie om maar net gewoon met hulle lewe aan te gaan nie. Die verlossing wat Jesus bewerk het, het sy lewe gekos. Om die waarheid te sê, met sy kosbare bloed koop Hy mense los van die heerskappy van die sonde en die duiwel. Verlose mense behoort aan Jesus Christus – Hy is hulle Here. Verlose mense se lewens toon tekens dat hulle verlos is en aan die Here behoort. Daarom bring die Heilige Gees met die Woord radikale veranderings binne-in die mense wat verlos is. Nadat die Here vir Israel uit Egipte verlos het, sê Hy dat hulle heilig moet wees, want Hy is heilig (Lev 19:2). Hierdie vereiste geld ook vir die kerk, so skryf Petrus dit in sy eerste brief (1 Pet 1:16).

Die kerk en elkeen wat deur Jesus Christus verlos is, behoort dus anders te lewe as wat die wêreld normaalweg lewe. In die saligsprekings leer die Heilige Gees ons hoe die kerk se lewe anders as die ongelowige wêreld s'n moet wees. Wat Jesus vir ons in die saligsprekings sê, is selfs anders as wat ons ook dink die kerk moet wees. Om die waarheid te sê, dit is vreemd anders, vreemd in die oë van die ongelowige wêreld, selfs vreemd in ons eie oë.

Voordat ons in besonder gaan kyk hoekom Jesus dié wat arm van gees is salig noem, is daar eers drie opmerkings in verband met die saligsprekings wat gemaak moet word. Ten eerste, wie is die mense wat Jesus hier salig noem? Jesus praat nie van agt verskillende groepe mense nie. Hy praat ook nie van 'n uitgelese groepie Christene nie. Die agt eienskappe wat hier genoem word, is die eienskappe wat in elke gelowige en in elke ware kerk teenwoordig behoort te wees.

Ten tweede, die saligsprekings is nie sosiale uitsprake wat Jesus maak nie. Dit is nie net die fisies arm en fisies verdruchte mense wat deur Jesus salig genoem word nie. Die teologie van die revolusie verstaan die saligsprekings so. Vir Jesus gaan dit nie in die eerste plek oor die aardse en materiële nie. Die eienskappe wat Jesus hier noem, is geestelike eienskappe. Dit is dinge wat nie met die aarde nie maar met die koninkryk van God te doen het.

Ten derde, wanneer gaan hierdie beloftes van Jesus waar word? Baie verklaarders verstaan dat hierdie beloftes net in die toekoms waar word. Wanneer 'n mens dit so wil verstaan, ver-geet 'n mens dat Jesus dikwels gesê het dat koninkryk al gekom het. Die mense wat hulle nou al onderwerp aan Jesus se heerskappy is in die koninkryk van God. Maar die volle be-lewenis van die koninkryk van God is iets wat sal aanbreek met die wederkoms van Christus. Dus is hierdie beloftes gedeeltelik vervul in die teenswoordige tyd en sal dit volkome vervul word wanneer God alles nuut gemaak het.

Broers, susters en kinders, Jesus sê: **Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.** Wanneer Jesus praat, is dit ons troue verbonds-God, wat met ons praat. Hoe moeilik 'n mens se natuurlike geaardheid ook al sluk aan hierdie woorde, laat ons luister. Laat ons ons eie gedagtes oor sake eenkant laat en Christus ge-hoorsaam. Wie glo en bely dat Christus hom verlos het, kan mos nie maar

dieselfde bly nie. Die Heilige Gees maak almal nuut wat aan Christus behoort. Daarom sal elkeen wat vir die Here luister anders begin dink oor kerkwees en Christenwees as waaraan 'n mens al gewoon geraak het. Laat ons eers agterkom wie hierdie vreemde onderdane – die armes van gees – is.

Ons almal is goed bekend met die begrip *arm mense*. 'n Arm mens is iemand wat hulp nodig het. 'n Arm mens kan niks meer self doen om sy omstandighede te verander nie. Daarom wend hy hom tot die hoogste hulp wat by God te vinde is. So 'n mens leef van die hulp wat God op watter manier ook al betoon. 'n Arm mens kan van mense niks meer verwag nie en verwag nou alles van God alleen.

Tog moet ons daarop let dat Jesus nie net van mense praat wat arm is aan geld en ander aardse besittings nie. Hy praat van die mense wat *arm van gees* is. Nou moet ons ook nie mislei word nie. Dit is nie net die mense wat arm is aan aardse besittings soos Lasarus wat arm van gees is nie. Ons hoor dat Lasarus na sy dood deur die engele weggedra is na die ereplek langs Abraham. En Abraham het nie geldnood of gebrek aan aardse besittings gehad nie. Die Here het Abraham 'n vermoënde man gemaak. Hy was ryk aan aardse besittings en ook aan hom behoort die koninkryk van die hemele. Daarom, wanneer Jesus sê dat die koninkryk van die hemele aan die armes van gees behoort, is Hy nie teen aardse rykdom nie.

Die Here waarsku wel dat aardse rykdom vir die sondaar groot gevaar inhou. En in die gelykenis van Lasarus en die ryk man wys die Here ons ook op hierdie gevare. Die ryk man se rykdom het hom blind gemaak vir sy geestelike armoede. Omdat hy ryk was, het hy gemeen dat hy vir God en sy naaste nie meer nodig het nie. As gevolg van sy rykdom het dit vir hom oor homself en sy genot gegaan en was daar by hom nie liefde vir God en sy naaste nie.

Dit is ook nie net mense wat ryk is aan aardse besittings wat die gevaar loop om blind te word vir hulle geestelike armoede nie. Ook mense wat ryk is aan 'n kultuurerfenis of aan verstandelike vermoëns of aan 'n sterk karakter, kan blind word vir hulle geestelike armoede. Omdat hulle kultuur so ryk is of hulle so slim is of hulle so 'n sterk karakter het, word hulle behoefte aan God en aan hulle naaste ook verdring. Selfs gelowiges wat ryk is aan gawes wat die Heilige Gees aan hulle gegee het, kan blind word vir hulle geestelike armoede. Dit maak nie saak waaraan 'n mens ryk is nie, elke mens se sondige hart het die neiging om jou te laat neersien op ander mense wat minder as jy het. Dan verbeel jy jou ook dat jy beter is as die ander een wat minder as jy het. Vir so 'n mens is sy rykdom, van watter aard ook al, iets wat hy as vanselfsprekend aanvaar. Dit is sy reg om ryk te wees en nie meer 'n voor-reg wat God uit genade aan hom geskenk het nie.

Wie sy rykdom as iets vanselfsprekend sien en neersien op mense met minder as hy, verdring God en sy naaste. Rykdom is mos mag, dit is onafhanklikheid. Jy hoef nie meer in iemand anders se oë te kyk nie, niemand meer iets te vra nie. Jy kan jousef laat geld. Jy het niemand nodig nie – nie vir God nie en ook nie vir jou naaste nie. Rykdom het jou trots gemaak, selfgenoegsaam gemaak en God word vir jou oorbodig. Rykdom laat jou dink dat jy 'n mens is omdat jy baie besit. God sê egter: Jy is alleen mens omdat jy God nodig het om liefde te ontvang en liefde te gee. En jy het jou naaste nodig om mens te wees om liefde te ontvang en te gee. Die mens wat geen liefde wil gee nie, het onmenslik geword.

Wie is hierdie arm-van-gees-mense dan? Dit is daardie tollenaar wat homself niks voor God of voor ander mense verbeel nie. Daardie tollenaar wat soos 'n bedelaar skaam en

eenkant gestaan het en net om God se genade gesmeek het. Dit is Moses wat 'n Egiptenaar kon doodslaan en tog vir die Here moes sê: As U nie saam met ons trek nie, laat ons dan nie van hier af wegtrek nie. Dit is Abraham wat ondanks al sy rykdom en vermoëns en wel-sprekendheid voor die Here erken dat hy maar net stof en as is.

Wie is arm van gees? Dit is die mens wat ondanks sy rykdom van watter aard ook al diep in sy hart weet: sonder God kan ek niks doen nie. Dit is ook daardie mens wat ondanks sy gebrek aan watter rykdom ook al diep in sy hart weet: sonder God kan ek niks doen nie, hulle is die mense wat arm van gees is. Ja, ook die mense wat weinig aardse besittings het, kan so trots en hoogmoedig wees en meen dat hulle God en hulle naaste nie nodig het nie. As gevolg van hulle trots en hoogmoed word hulle blind vir hulle geestelike armoede.

Ag, nou weet ons ook dat hierdie eienskap om arm van gees te wees, nie natuurlik aan ons mense is nie. Dit is vir ons vreemd om so te wees en niemand word sommer vanself arm van gees nie. God moet dikwels baie dinge van mense af wegneem, selfs op 'n ferm wyse van hulle wegruk, voordat 'n mens beseft hoe geestelik arm hy regtig is. Dit gaan dus nie daaroor of ander mense 'n mens beny nie. Vir die Christen gaan dit daaroor dat hy word wat Christus wil hê hy moet wees. Ons moet arm van gees voor God word en wees. En kyk nou net die verrassing. Jesus noem mense salig wat deur die ongelowige en wêreldse mense bekla word en as onbenydenswaardig beskou word.

Die verrassing van 'n lewe vol saligheid is egter nie in die onderdane geleë nie, maar in die Koning van die koninkryk. Daarom is dit belangrik om nie net te weet wat gesê word nie, maar ook deur Wie dit gesê word. Jesus is inderdaad vir die wêreld 'n vreemde Koning van vreemde onderdane.

Jesus is 'n vreemde Koning vir hierdie wêreld, want Hy kom vanuit die hemel waar alles volmaak is. Daarom is Hy anders, doen Hy anders, praat Hy anders. Hy gebruik nie die maatstaf waarmee mense meet nie, maar die maatstaf van sy Vader wat volmaak en heilig is. Mense het die neiging om van Jesus as ons Koning te dink wat nie vreemd en anders is as wat hulle graag sal wil hê nie. Mense wil hê dat Jesus se Koningskap by hulle ideale inpas. Maar dit werk nie so nie. En hierin sien ons nog 'n verrassing van God raak. Jesus Christus is vir mense op so 'n teleurstellende wyse almagtig en Koning.

Die wyse manne uit die Ooste was aanvanklik teleurgestel. Hulle voorstelling van die Koning wat gebore is, het nie met die werklikheid geklop nie. Hulle het hulleself dit so voorgestel:

'n Koning wie se geboorte selfs deur die sterre aangekondig word, moet seker in Jerusalem wees, in 'n paleis, in 'n baie mooi saal in die paleis en onder uitbundige gejuig van die volk. Maar alles is so vreemd aan sy geboorte, byna teleurstellend anders: Hy word gebore in Betlehem, in 'n stal, neergelê in 'n krip en sonder dat enigiemand van die volk dit weet of hulle daaraan steur. En God se verrassing: die wyse manne uit die Ooste herken die Kindjie in die krip as die Koning en aanbid Hom.

So moet dit ook dikwels met ons gaan, geliefdes. Ons menslike opvatting van Koningskinders wees, van kerkwees en Christenwees, moet plek maak vir God se opvatting daarvan. Jesus het gekom om te dien en nie om te heers nie, om te dien en nie om gedien te word nie. So verwag Hy dit ook van sy kerk. Hy is Koning, maar tree op soos 'n slaaf. Hy is die meeste en word die minste. Hy is almagtig, maar word soos 'n magtelose gevange geneem. Hy is die Heilige en word sonde vir ons gemaak. Hy is die Lewe, die Weg en die Waarheid, maar Hy gaan die dood in oor ons leuens.

So kan ons aangaan om nog baie ander vreemde dinge op te noem van ons vreemde Koning. En uiteindelik sal ons ook verbaas vra: Is Hy dan ons Koning? Ja, Hy is ons Koning, want Hy alleen hou dit uit. Hy het self al hierdie vernedering op Hom geneem sonder om sy koninklike mag te verloor. Hy is immers uit die dood opgewek. Hy het opgevaar na die hemel en sit aan God se regterhand, vanwaar Hy ook as Koning en Regter sal terugkeer. Hy is die vreemde Koning vir die vreemde onderdane in sy ryk.

En hierdie koninkryk van ons vreemde Koning is net so vreemd. Sy koninkryk groei nie met geweld en met militêre of geldelike mag nie. Mense is telkens teleurgesteld wanneer Christus op 'n ander manier Koning is en op 'n ander manier almagtig is as wat ons wens en dink dit nodig is. Daarom vra mense dikwels: Waarom gryp Hy nie in nie? Waarom laat Hy dit of dat toe? Waarom laat Hy sy onderdane in die steek? Waarom kom Hy te laat by Lasarus se graf? Hy laat sy koninkryk op 'n vreemde manier groei. Sy onderdane kry nie trone om op te sit nie, maar kruise om te dra. En tog, hoe vreemd dit ook al mag klink, hierdie vreemde onderdane bly in die vreemde ryk van hulle vreemde Koning.

Hoe is dit moontlik? Hoekom gooi hulle nie hulle kruise neer en rig vir hulleself trone op nie? Omdat hulle van krag voorsien word wat vreemd is vir die wêreld. Die Koning versterk hulle met goddelike, heilige krag. Hy stuur sy Heilige Gees om in hulle te woon en te werk. Deur sy Gees laat Hy hulle voortdurend besef dat hulle arm van gees is en dat hulle alleen

deur die geloof kan bly leef. Hulle bly altyd afhanklik van God, want sonder sy krag, gewerk deur die Heilige Gees in hulle, kan hulle niks doen nie. En ja, die duiwel en die wêreld kan van hierdie onderdane alles afneem wat hulle besit, maar nooit kan hulle beroof word van wat hulle is nie. Hulle is arm van gees, kinders van God, vreemde onderdane van 'n vreemde Koning in 'n vreemde koninkryk. Dit is 'n koninkryk wat deur klaarblyklike ondergang deur God tot die hoogste eer en heerlikheid verhef sal word. Hulle word salig gespreek. Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

En wat bedoel Jesus met salig? Om salig te wees, is om die hoogste vorm van geluk te beleef. En nou is dit so dat hierdie mense wat arm van gees is nie rede uit hulleself of uit hulle omstandighede het om gelukkig te wees nie. Tog is hulle altyd vol blydskap, want die koninkryk van die hemele is aan hulle toegesê. Dit wil sê, die bron van hulle vreugde en saligheid is hierdie vreemde Koning van hulle. Hy het hulle kinders van God gemaak, Koningskinders, burgers van sy koninkryk. Daarom kan hulle te midde van al die dinge wat met hulle gebeur en wat binne-in hulle gebeur tog nog gelukkig en blymoedig wees, want hulle is arm van gees, burgers in God se koninkryk, kinders van God en niks en niemand kan dit van hulle wegneem nie. Niks kan hulle van hulle kindskap van God beroof nie, want God se liefde hou hulle vas.

Geliefdes, Jesus het sy mond geopen en ons geleer. As ons nog nie arm van gees is nie, is dit nou die geleentheid om ons van hoogmoed en trots oor watter rykdom ook al te bekeer. Laat ons benydenswaardig vir Christus en nie vir mense nie wees. Wie arm van gees is, hy is salig, sê Jesus, want die koninkryk van die hemele behoort aan hom. En niks en niemand kan dit van hom af wegneem nie.

**Amen!**

Gebed

Skrifberyming 11-3:1, 9, 10 (Sb 16)

- 1 Salig die wat arm van gees is / en van God hul wysheid leer,  
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel, sê die Heer.
- 9 Salig die wat hier gesmaak word, / onder lyde lydsaam-stil;  
die wat wegwyn onder laster / en dit dra om Christus wil.
- 10 Juig, want hul het die profete / ook gemartel en gehoon!  
Juig en Jubel! Uit die hemel / wink die skone<sup>o</sup>oorwinnaarsloon.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

### **Katkisasieopening**

Skrifberyming 1-4:1, 2, 3, 4

- 1 Die regte tyd het aangebreek, / die tyd deur God bestem –  
die Vader stuur vir ons sy Seun / as kind na Betlehem.
- 2 Vir ons gebore as 'n mens, / kom Hy in ons belang –  
Hy koop ons vry, dat God ook ons / as kinders kan ontvang.
- 3 God maak ons kind en erfgenaam, / Hy stuur vir ons sy Gees.  
Ons kan Hom nou ons Vader noem; / aan Hom gehoorsaam wees.
- 4 O Vader, al die lof en eer / en dank wil ons U bring;  
van al u vrede, liefde, guns / sal ons vir ewig sing!

**Ds Coenraad Vrey**  
**Gereformeerde Kerk Bellville**  
**19 November 2017**